# Welkom by die brug! Opmerkings oor die brug-funksie van die Afrika onafhanklike kerke[1]

J J (Dons) Kritzinger[2]
Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap
Universiteit van Pretoria

**Abstract**

**Welcome to the Bridge! Notes on the bridge function of the African Independent Churches**

*It was the pioneer researcher in the field of AICs, Bengt Sundkler, who in 1948 expressed his fear that these movements could become "the bridge" back to the traditional religions. This article draws on research results which indicate that these churches indeed act as bridges, not bridges back to the past, but bridges between Africa and the Christian faith, bridges between the past and future, and bridges between personal piety and socio-political involvement. The article also challenges the conventional churches to cross the bridge of interaction and communion with these churches in order that a more "catholic" theology and church practice may develop.*

## 1. INLEIDING

Die bedoeling van hierdie inleidende woord is om by wyse van 'n klompie algemene gegewens hierdie interessante en hoogs belangrike verskynsel voor te stel. Ek begin daarom met 'n aantal verduidelikende gegewens oor die groep kerke, feite wat vir niemand werklik nuut is nie, maar wat die tafel dek vir die opmerkings wat volg.

---

[1] Die onderwerp van 'n rede gelewer by 'n SEVTO-kursus oor die kerk se betrokkenheid by die Afrika Onafhanklike Kerke.

[2] Prof Kritzinger doseer Missiologie aan die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria en is Direkteur van die Instituut vir Sendingwetenskaplike en Ekumeniese Navorsing (ISWEN).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Net nog een vooraf opmerking. Wat ons hier (in Afrikaans) die Afrika Onafhanklike Kerke (AOKs) noem (alternatiewelik: Onafhanklike Swart Kerke – OSKs), word in Engels algemeen afgekort as AICs. Oor die – I – in hierdie akroniem heers daar nogal 'n debat. Tradisioneel het hierdie kerke as die "African *Independent* Churches" bekend gestaan, hoewel ander skrywers verkies het om die term "African *Indigenous* Churches" te gebruik. Deesdae is daar 'n neiging om van "African *Initiated* Churches" te praat. Elkeen van hierdie terme het sy voor- en nadele[3]. Ons praat hier maar op tradisionele wyse van die *Onafhanklike* Kerke.

## 1.1 Geskiedenis

Die eerste van hierdie kerke het so 'n bietjie meer as 'n eeu gelede hulle verskyning gemaak. Hierdie eerstes was sonder uitsondering afskeidingsbewegings[4] vanaf die "sendingkerke". Met "sendingkerke" bedoel ek daardie kerke – Metodiste, Anglikaanse, Lutherse en ander – wat uit die werk van die negentiende eeuse sending in Suid-Afrika tot stand gekom het[5]. Hierdie kerke was teen die einde van die negentiende eeu reeds sterk gevestig oor groot dele van die land, maar steeds sterk onder beheer van die sendelinge. Baie van hierdie sendelinge het nie genoegsaam aanvoeling gehad vir die aspirasies van die swart leierskorps in die kerke nie en was nie bereid om die leierskap aan hulle toe te vertrou nie. Hoe langer hoe meer het spanning opgebou, totdat dit in die agtien negentigs tot afskeidings gelei het.

Hierdie eerste onafhanklike kerke is Ethiopiese Kerke genoem. Hierdie term het verwys na die naam wat Afrika in die Bybel gedra het, soos in Psalm 68: "Ethiopië sal sy hande uitstrek na God", maar ook na die onafhanklike staat Ethiopië wat vir Afrika hoop gebied het in die koloniale tydperk. Hierdie kerklike afskeidings was in werklikheid maar een van die verskyningsvorms van die sogenaamde Ethiopiese beweging wat met die slagspreuk "Africa for the Africans" in die vroeg twintigste eeu stemming gemaak het

---

[3] "Independent" is die oorspronklike term, en dui op die feitlike situasie, maar daar moet versigtig met hierdie term omgegaan word. "Indigenous" is gaaf, maar is hierdie die enigste kerke wat inheems is? Soos wat ek hieronder sal aandui, reflekteer "Initiated" nie altyd die historiese feite nie. Hierdie debat weerspieël natuurlik ook die wisselende opinies oor die kerke.

[4] Pretorius (1993) gee 'n goeie weergawe van die gebeure rondom Nehemiah Xoxo Tile wat tot die eerste afskeiding in 1890 gelei het.

[5] Die klassieke werk wat die verhaal van die totstandkoming van hierdie kerke vertel, is die boek van Du Plessis (1911).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

teen die wit kolonisasie. Hierdie afgeskeie kerke het egter nie die kerklike praktyk verander nie, maar die verskil was dat hulle onder (opgeleide) swart leierskap gefunksioneer het. Vandag bestaan verskeie van hierdie kerke nog, en het deel van die gevestigde toneel geword, maar die redes vir hulle ontstaan het grootliks verdwyn. Daarom is hulle nie meer so 'n groot faktor nie.

Die tweede golf afskeidings het egter momentum behou. Hulle ontstaan het verband gehou met die opkoms van die Pinksterbeweging, en in besonder daardie groepe wat 'n sterk eindverwagting gehad het. Hulle wou 'n aardse Sion bou, waar hulle die koms van die Here sou afwag. Hierdie groep kerke – hoofsaaklik gekenmerk deur die woorde Sion en Apostolies in hulle name – was die resultaat van doelbewuste sendingwerk en kontak met die Pinksterbeweging vanuit die VSA, 'n inisiatief wat ook gelei het tot die ontstaan van die Apostoliese Geloof Sending (AGS)[6]. Vroeg reeds het hierdie kerke in talle splintergroepies uiteengespat, terwyl slegs enkele van hulle tot groot landswye bewegings kon uitgroei. Van die letterlik duisende groepies is dit eintlik maar die Zion Christian Church (ZCC) van Lekganyane en die Zoeloe iBandla lamaNazaretha van Shembe wat in groot kerke ontwikkel het. Die ZCC, tussen hakies, is vandag die grootste enkele kerk in ons land (sien Tabel 1 hieronder). Die fenomenale groei van die beweging oor die afgelope halfeeu is eintlik die gevolg van hierdie kerke se werwingskrag. Hierdie Sionistiese en/of Apostoliese Kerke sou met reg as Pinksterkerke beskrywe kon word, al het hulle 'n totaal ander aard as die "klassieke" Pinksterkerke soos die AGS, Volle Evangelie Kerk en die Assemblies of God[7].

Intussen het 'n volgende golf onafhanklike kerke op die toneel verskyn – hierdie keer as die vrug van die charismatiese beweging. In al die gemeenskappe van die land is hierdie verskynsel 'n groeiende werklikheid, maar veral in die swart gemeenskap laat die

---

[6] Crafford (1993) vertel die verhaal. Alexander Dowie het in 1896 die Christian Catholic Apostolic Church in Zion (Illinois, VSA) gestig. Suid-Afrikaanse sendelinge soos Johannes Büchler, PL le Roux en Edgar Mahon het van die nuwe beweging te hore gekom en begin korrespondeer. Dit het daartoe gelei dat Dowie se gesant Daniel Bryant in 1904 die CCACZ kerk in Suid-Afrika kom plant het. Teen 1908 het die swart lede egter 'n eie weg opgegaan en het Le Roux die leier geword van die Apostoliese Geloof Sending (AGS).

[7] Allan Anderson het met sy navorsing wenkbroue laat lig toe hy hulle as sodanig geklassifiseer het (1992 en 1993). Op 'n manier is hy natuurlik reg. Die probleem lê nie by die historiese feite nie, maar by die pneumatologie van die beweging. Hieroor skryf hy ook in 'n bydrae in 1998 gepubliseer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sogenaamde Bazalwane (verlostes) hulleself geld. Oor hierdie opkomende groepe is nog baie min studies gedoen[8].

## 1.2 Indelings

Ek het hierbo daarop gedui dat daar twee hoofgroepe is, naamlik die Ethiopiese kerke en die Sionisties-Apostoliese kerke[9]. Laasgenoemde kerke word ook Profeet-kerke genoem, weens die prominente rol wat die profete-amp in hierdie kerke speel. Soms word ook die term Messiaanse kerke gebruik om aan te dui dat in sommige van hierdie kerke aan die leier feitlik Messiaanse trekke toegeken word. Dit lyk egter, op grond van die navorsing van persone soos Anderson en ander, dat die kategorie Pinkster- of Charismatiese kerke ook oorweeg sal moet word.

Dit is nie moontlik om 'n netjiese waterdigte indeling te maak nie. Ekself het vir statistiese doeleindes probeer om die duisende kerke in meer kategorieë in te deel (Kritzinger 1998), maar besef dat die poging nie in alle opsigte bevredigend is nie.

## 1.3 Groei

Ek laat hier 'n tabel en figuur volg. Daaruit wil ek illustreer dat, in teenstelling met die tradisionele denominasies, hierdie die een godsdienstige groep in Suid-Afrika is wat oor die afgelope dekades sterk bly groei het. Waar die AOKs aan die begin van die twintigste eeu 'n weglaatbare persentasie van die Suid-Afrikaanse bevolking uitgemaak het, het hulle gegroei tot meer as 11 miljoen mense, ietwat meer as 'n kwart van die totale bevolking (ongeveer 35% van die swart bevolking, en 35% van alle kerklidmate)[10]. Ons het hier te doen met miskien die belangrikste verskynsel op die godsdienstige toneel in Suid-Afrika.

---

[8] Hierdie word nog nie algemeen deur navorsers as 'n derde groep beskryf nie, maar ek meen dat dit nodig is. In die swart gemeenskap is hulle 'n herkenbare nuwe beweging, en daar is aanduidings dat die Sionistiese Kerke reeds lede na hierdie kerke verloor (so Ledwaba 2000). Ogbu Kalu skryf baie interessant oor hierdie "Third Response" (1998). Sy perspektief is veral dié van Wes-Afrika.

[9] Crafford noem laasgenoemde die Gees-kerke, oftewel die G(g)ees-kerke omdat hy nie baie duidelikheid het oor die identiteit van die Gees in hierdie kerke nie.

[10] Prof Jurgens Hendriks van Stellenbosch het belangrike werk gedoen in die verwerking van sensus-gegewens. Dit is gepubliseer as hoofstuk 4 in Froise 2000.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services


**Tabel 1**
Die godsdienstige affiliasie van die Suid-Afrikaanse bevolking, middel 1999, gebaseer op die 1996 sensus[11]

| GODSDIENSTIGE GROEPERING | LEDE IN DUISENDE | % |
|---|---|---|
| Zion Christian Churches | 4 181 | 9,71 |
| Ibandla Lama Nazaretha | 491 | 1,14 |
| Ander Apostoliese Kerke | 3 802 | 8,83 |
| Ander Sioniste | 2 334 | 5,42 |
| Ethiopiese tipe Kerke | 865 | 2,01 |
| Ander Afrika Onafhanklike Kerke | 250 | 0,58 |
| AOKs | 11 923 | 27,69 |
| NG Kerkfamilie | 3 810 | 8,85 |
| Metodiste Kerke | 3 035 | 7,05 |
| Anglikaanse Kerke | 1 731 | 4,02 |
| Lutherse Kerke | 1 137 | 2,64 |
| Presbiteriaanse Kerke | 788 | 1,83 |
| Baptiste Kerke | 474 | 1,10 |
| Kongregasionaliste | 465 | 1,08 |
| Ander Gereformeer Kerke | 418 | 0,97 |
| Hoofstroom Protestantse Kerke | 11 393 | 27,54 |
| Katolieke Kerke | 3 703 | 8,60 |
| Apostoliese Geloof Sending | 1 214 | 2,82 |
| Ander Pinkster/Charismatiese Kerke | 2,381 | 5,53 |
| Pinkster/Charismatiese Kerke | 3 595 | 8,35 |
| Other Christian Churches | 1 399 | 3,25 |
| SUBTOTAAL: CHRISTELIKE KERKE | 32 502 | 75,49 |
| Moslems | 598 | 1,39 |
| Hindoes | 581 | 1,35 |
| Judaiste | 73 | 0,17 |
| Afrika Tradisionele Godsdienste | 17 | 0,04 |
| Ander gelowe | 207 | 0,48 |
| SUBTOTAAL: ANDER GODSDIENSTE | 1 481 | 3,44 |
| Geen godsdiens | 5 016 | 11,65 |
| Weier, geen antwoord | 4 051 | 9,41 |
| SUBTOTAAL: ONSEKER GODSDIENS | 9 072 | 21,07 |
| **TOTALE BEVOLKING** | **43 054** | **100,00** |

[11] Hierdie tabel is deur my uit die jongste gegewens van Stats SA saamgestel, en is gepubliseer in die *South Africa Yearbook 2000.*


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

**Figuur 1:** Die groei van die verskillende groeperinge oor die afgelope eeu (bron: Froise 2000:76)



## 1.4 Verskeidenheid

Dit is dalk net nodig om nog 'n keer daarop te wys dat hierdie groep kerke nie maklik onder een noemer gebring kan word nie. Daar is maklik 4 500 name van kerke in hierdie groep bekend[12]. Baie van hulle is niks meer nie as huis- of familie-kerkies. Hulle vertoon 'n wye spektrum van teologiese posisie en kerklike praktyk: vanaf ortodoks tot sinkretisties. Meestal het hulle nòg belydenisskrifte nòg teologiese opleiding, en daarom

[12] Dit is die name wat in die sensusopgawes gemeld is, en wat breedweg as Afrika Onafhanklike Kerke geklassifiseer word. Baie van hierdie name is wel foutiewe spellings, en ander bestaan sekerlik nie meer nie, maar dit gee tog 'n aanduiding van die getalle.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

is daar selfs ook in die groter kerke nie 'n konsekwente teologie teenwoordig nie. Alles wat ons van hierdie kerke sê, is veralgemenings[13].

Hoe sou die Christen vanuit die gevestigde kerke egter oor hulle oordeel? Is hulle die objek van sending, 'n bedreiging? Of is hulle dalk ekumeniese medestanders, die hoop vir die toekoms? Dalk sal my verdere opmerkings help. Wat ek egter ten aanvang wil sê, is dat mens Hierdie kerke se belydenis moet ernstig neem: hulle sien hulleself as Christenkerke. Hulle wil niks anders as Christene wees nie. Hulle wil vashou aan God deur Jesus Christus. Ek dink hulle is kerke, sy dit dan (soos die geval is met ons almal!) kerke-op-weg.

## 2. BY DIE BRUG

Met die beeld wat ek in my titel gebruik, verwys ek terug na die rigtinggewende studie van Bengt Sundkler, die Sweedse sendeling onder die Zoeloes, wat reeds in 1948 die eerste keer gepubliseer is. In hierdie eerste ernstige studie wat oor die verskynsel van die Onafhanklike Swart Kerke gedoen is, kom Sundkler tot die onrusbarende gevolgtrekking dat: "The syncretistic sect becomes the bridge over which Africans are brought back to heathenism" (1961:297). Hierdie afwysende houding het nog bly staan in die tweede uitgawe van sy boek, al het hy reeds in die Voorwoord 'n aanduiding gegee dat hy oor sommige van sy negatiewe beoordelings begin twyfel het. In 1976 verskyn sy opvolgstudie: *Zulu Zion and some Swazi Zionists*. Hierin erken hy dat sy vroeëre "brug-uitspraak" misleidend was... veel eerder is hulle "'n brug na die toekoms"(1976:305)!

Vir my is dit baie interessant dat hy tot so 'n verandering van opinie gekom het. Daneel (1983:14) skryf dit gewoon toe aan die beter en dieper insig wat jare se omgang met hierdie kerke te weeg gebring het. Maar vir my is dit ook treffend dat hy aan die beeld van die brug vashou. Dalk *is* hulle 'n brug – beide na die verlede en die toekoms. Maar dalk oorbrug hulle nie alleen die verlede en die toekoms nie, maar ook die ou en die nuwe wêreld, die "geestelike" en die "materiële". Ek sou hierdie temas graag verder wou bekyk.

---

[13] Die belangrikheid van die groep – en die feit dat hulle tog as "groep" identifiseer kan word – maak dit nogtans nodig om sulke algemene opmerkings te maak.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 2.1 'n Brug tussen Afrika en die Christendom

Die evangelie het na Suider-Afrika gekom vanuit die Weste. Die moderne sendingbeweging was 'n kind van die modernisme[14]. Alhoewel die toewyding van die negentiende eeuse sendelinge beklemtoon moet word, en erken moet word watter onmeetbare bydraes sommige van hulle gelewer het ten bate van die bevolking van Afrika, was hulle begripshorison tog gekenmerk deur die modernistiese skema: Lig teenoor duisternis. Die neerdrukkende, donker heidendom in Afrika moes verlig word deur die Christelike beskawing. Die belangrike woorde hier is "heidendom", "lig" en "beskawing". Die beoordeling van Afrika was negatief: verlorenheid, afgodsdiens, primitiwiteit. Daarteenoor het hulle die "verligting" van die beskawing gebring, die hoëre kultuur.

Die sendelinge het dus met groot vrymoedigheid die evangelie van die kind Jesus gebring, maar toegedraai in Westerse doeke. Die sendelinge het self nie probeer onderskei tussen die evangelie en hulle eie kultuur nie – dit was mos die "Christelike kultuur". Daarom is die produkte van hierdie Christelike beskawing sonder terughou-dendheid oorgedra: die gebruike en organisasie van die kerk as instituut, die lees-en-skryf kultuur, die aktiwistiese Westerse (Calvinistiese) werksetiek, en so meer. As die boodskappers dit nie gedoen het nie, hoe sou die ontvangers van die boodskap kon onderskei tussen die essensie van die evangelie en die Westerse vormgewing daarvan? Die indrukwekkende kultuurprodukte – kerk, skool, hospitaal, winkel – is aanvaar as deel van die evangelie. Die Westerse teologie en sy belydenisskrifte – wat uitgekristalliseer het oor eeue – is geneem as die "regte" beskrywing van die geloofswaarhede.

Die konsekwensie hiervan was egter dat "bekering" vir alle praktiese doeleindes daarop neergekom het dat die bekeerling moes verwesters. Sy of haar lewe sou voortaan op Westerse wyse ingerig moes word. Afgesien van al die ander ingevoerde nuwighede van die oppervlakkige kultuur – skool, klere en huise, ens. – was dit veral die manier van godsdiensbeoefening wat totaal verander is. Die godsdiens sou nou gekenmerk word deur 'n intellektualisme (klem op die regte leer) en die individualisme ('n individuele besluit om te breek met die tradisionele lewe). Dit was die basis waarop die "sendingkerke" gebou was. Die "Christendom" was westers.

---

[14] Ek beskryf hier 'n ingewikkelde en kontroversiële geskiedenis met enkele penstrepe. Die leser moet asseblief verstaan dat ek hier slegs 'n bepaalde perspektief wil stel. Ek sou na talle outeurs kon verwys.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Afrika se godsdienswêreld is natuurlik totaal anders. Soos Prawlik (1999:158) dit stel (my vrye vertaling uit die Duits):

> Die godsdiens van Afrika is nie geïnteresseerd in teoretiese diskussies oor God, die geeste, of die dood nie. Hulle konsentreer op dit wat van onmiddellike belang is. Dit is nie te verwar met materialisme nie. Hulle godsdiens is nie kontemplatief nie, maar prakties. Om te verstaan, help dit niks om skolastiese of kartesiaanse kategorieë aan te wend nie. Hierdie godsdienstigheid stel nie vrae oor die bestaan en wese van God of die geestelike wesens nie. Hulle uitgangspunt is die lewenservaring, en van daaruit voortvloeiend bemoei hulle hulle met die beskerming en versterking van die lewe.

Afrika se godsdiens was en is 'n integrale deel van die lewe. Daar was nie 'n bepaalde tyd en plek daarvoor nie. Afrika het in 'n simbiotiese balans geleef, binne 'n omvattende horison van 'n wêreld vol sienlike en onsienlike dinge. Geeste en kragte was deel van hulle werklikheid. Teoretiese nadenke het hier geen plek gehad nie, net maar 'n versigtige voortsetting van dit wat was. Die tradisie het die mens van Afrika gebind aan sy verlede, en die verlede was die God gewilde ideaal.

Inderdaad het die swart Christene hulle lewe verander. Hulle sou sake nou anders moes doen en glo. Hulle het nie geweet hoe nie. Die godsdienstige handelinge was nou anders. Hulle moes nou die voorskrifte van sendelinge volg. En miljoene het dit getrou gedoen. Die Westerse voorskrifte is nougeset gevolg. Die Westerse manier van aanbidding, Westerse kerkmusiek, Westerse organisasie en Westerse manier van dink is nagevolg. Miljoene swart Christene het dit dalk reggekry om daarby aan te pas. Maar miljoene ander het hulleself nie daarin kon vind nie. Hulle het "ontman" gevoel. Hulle kon nie hulleself wees nie. Hulle kon hulle nie in hierdie nuwe godsdiens uitleef nie... al het dit bepaalde voordele gebring, was die vreemdheid net te knellend.

Natuurlik het sendelinge hierdie spanning aangevoel. Van vroeg af was daar pogings om die vreemdheid van die kerk teen te werk. "Inheemswording" was 'n ernstige projek. Die probleem was egter dat dit 'n poging van die sendelinge was om elemente van die inheemse kultuur "toe te laat" sodat die kerk minder vreemd sou wees.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Dit was nie genoeg nie, en meestal ook nie geslaagd nie. In sy inherente struktuur het die teologie en kerklike lewe vreemd gebly. Daar was 'n behoefte aan iets meer radikaal (wat later as kontekstualisasie of inkulturasie bekend sou staan)[15].

Die Afrika Onafhanklike Kerke (AOKs) opereer op hierdie terrein. Die AOKs probeer om 'n brug te wees tussen hierdie wêrelde: die wêrelde van die Europese godsdiens van die Boek en verstand aan die een kant, en die wêreld van die dans, die sing en die ritueel aan die ander kant. Dit bou 'n brug tussen die teoretiese besinning en die praktiese uitleef van die geestelike bewussyn.

Die mees sigbare brugbou is die veranderde erediens. Anders as in meeste "sendingkerke" leef die swartmense hulle hier ten volle uit in die dans, die aandag aan rituele genesing, en die praktiese bewyse van saamhorigheid in kleed en styl. Hulle feeste, die besondere plek van die leier (en sy setel), en die gehoorsaamheid aan opdragte en tradisies is kenmerkend van Afrika se maniere.

Maar onder hierdie kerklike praktyk is daar 'n (ongeskrewe) teologie. Te midde van die groot prioriteit wat deesdae (tereg) verleen word aan die inkulturasie van die evangelie in die kulture van die wêreld, en die geskryf in hierdie verband, leef hier 'n inheemse teologie wat 'n brug na die toekoms kan word. Dit is 'n teologie wat erns maak met die geesteswêreld, en die nie-Christelike elemente daarin konfronteer. Dit is 'n teologie wat omgee, wat gemeenskap beoefen, wat die mens en sy vrese ernstig neem[16].

Is hierdie teologie genoegsaam geïnformeer deur 'n regte (wetenskaplike) verstaan van die Bybel? Hierdie is sekerlik een van die hoof besprekingspunte in hierdie veld, maar daar sal daarteen gewaak moet word om steeds die Westerse "wetenskaplike" teologie as die maatstaf vir die waarheid aan te lê. Ek gaan hier nie verder op hierdie saak in nie. Ek stel slegs die vraag: dui die AOKs nie dalk die rigting aan vir die ware inkulturasie van die evangelie in Afrika nie – 'n brug na die toekoms?

---

15 Hierdie voetnoot sou kon verwys na 'n onoorsigtelike lys werke waar hierdie problematiek sendingwetenskaplik aangespreek word. Dalk is dit hier voldoende om slegs te verwys na die betrokke paragrawe in Bosch se *Transforming mission* (1991).

16 Sien onder andere Daneel (1983); Anderson (1998); Hayes (1998).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## 2.2 'n Brug tussen die tradisionele en die moderne

Die afgelope eeu was gekenmerk deur die aanslag van die modernisme op die tradisionele samelewing van Suid-Afrika. Hierbo het ons verwys na die een aspek van hierdie aanslag, naamlik die godsdienstige verandering. Maar die veranderinge was dalk nog meer ingrypend op die terrein van die politiek en ekonomie. 'n Gans nuwe samelewing het mettertyd tot stand gekom. Trouens, hy het reeds deur 'n paar mutasies gegaan. Eers was daar die industrialisasieproses wat die swart gemeenskap grootliks stedelike- en mynwerkers gemaak het, losgebreek van die ankers van die tradisionele tuiste. Daarna het die apartheidsbeleid op sistematiese wyse ingegryp in menselewens se toekomsdrome. Die jongste – die huidige – mag dalk die mees ingrypende wees in terme van die politieke en ekonomiese bestel. Niks is meer konserwatief nie. Nou heers die liberalisme met sy menseregte-kultuur, en die geloof in vooruitgang deur die ekonomiese beleid van die vrye mark en globalisasie[17].

Dit is veral in die stad waar al hierdie veranderinge die swartmense getref het. Hoe is dit hanteer? Tekens van grootskaalse verwildering en patologie is algemeen. Die ou stambande is losgeruk, maar niks het in hulle plek gekom nie. Strukture het in duie gestort, en nuwes moet nog gebou word. 'n Vakuum het ontstaan waarbinne die magte van chaos en wetteloosheid kon tier.

Dit het gelyk asof die kerke ook nie die antwoorde gehad het nie. Ook die kerk is in die chaos gedompel. Ja, die kerk het die politieke spel met groot vernuf begin speel. Maar in watter mate is die mense gerugsteun vir die nuwe wêreld?

Dit verdien ten minste nadenke of die AOKs nie tog in hierdie lugleegte 'n belangrike positiewe rol begin speel het nie. In watter mate was die ontstaan en kragtige groei van hierdie kerke nie dalk 'n reaksie op hierdie spanninge nie? Daar is ondersoekers wat meen dat hulle ook hier as 'n brug beskou kan word, 'n brug tussen die tye, tussen die ou en die nuwe wêreld[18]. Dit is opvallend dat hierdie kerke nie by hulle plattelandse oorspronge gebly het nie, maar spoedig hulle swaartepunt in die stede gevind het. Die nuwe golf charismaties-pinksterkerke is beslis stedelik gebaseer. Hierdie kerke word vir hulle mense 'n nuwe lewensruimte waar trekke van die ou waardes in die nuwe

[17] Die vorige aanslae was "van buite": die kolonialiste, die onderdrukkers. Nou is dit "van binne": leiers van die "struggle" wat uit die ballingskap teruggekeer het met vreemde ideologieë.

[18] Kiernan (1999) het iets hier raakgesien.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

konteks sigbaar bly. Slaag hulle van alle groepe nie dalk die beste daarin om die nuwe wêreld dinamies binne te gaan, maar tog nie die greep op die tradisies en konserwatiewe te verloor nie[19]?

## 2.3 'n Brug tussen sosio-politieke en persoonlike bevryding

Balcombe (1998) skryf op 'n interessante wyse oor die twee soorte teologie in Suid-Afrika: Teologieë van Brood, en Teologieë van Identiteit (Being).

Sedert die sestigerjare het daar in Latyns-Amerika 'n nuwe soort teologie op die toneel verskyn: Bevrydingsteologie. Gekontekstualiseer in die Suid-Afrikaanse bevrydingstryd het dit die vorm aangeneem van Swart Teologie[20]. Hierdie teologie het hom ingestel op die politieke en ekonomiese bevryding van die swart mense as die hoogste prioriteit. Die arme en onderdrukte is as die lokus van teologiese nadenke en kerklike aktiwiteite geneem. Dit is 'n teologie wat bewustelik aan die "struggle" deelneem. Teologies is dit veral geregtigheid wat aangedien word as die kern van die Bybelse boodskap. Balcombe noem dit 'n Teologie van Brood, want dit fokus op die sosio-politieke en ekonomiese lewe. Dalk is dit eensydig, maar wie sou wou beweer dat hierdie fokus nie van die allergrootste belang is nie?

Aan die ander kant word 'n Teologie van Identiteit in Suid-Afrika verteenwoordig deur hulle wat 'n "Afrika-teologie" voorstaan[21]. Hulle voel baie sterk oor identiteit. Daar is geen manier – so voel hulle – dat die Christendom werklik in Afrika kan posvat as die tradisionele godsdienstige wêreldbeeld van Afrika nie in die teologie verdiskonteer word nie. Die mens van Afrika moet toegelaat word om volledig Afrikaan te bly terwyl Christus as Verlosser bely word. Dit is vir hulle belangrik dat die Christelike teologie ook in die denkwêreld van Afrika vorm gegee moet kan word. Afrikane moet kan tuis

---

[19] Soms is daar ook hieroor negatief geoordeel, asof die AOKs hulle lede wegroep uit die geroesemoes van die nuwe wêreld en hulle in 'n kokon bly beskerm. Hulle onbetrokkenheid in die politiek is veral gekritiseer. Maar min mense oordeel deesdae nog so negatief.

[20] Swart Teologie het in die vroeë jare sewentig vanaf Amerika na Suid-Afrika oorgewaai, maar onmiddellik sy eie karakter hier ontwikkel. Van die bekendste eksponente was Allan Boesak, Desmond Tutu, en allerlei akademici. Daar is nog steeds 'n aktiewe tydskrif in omloop, te wete *Journal of Black Theology in South Africa*.

[21] Een van die strydrosse van hierdie teologie is Gabriel Setiloane, en onlangs het daar weer 'n herdruk van sy 1986 boekie verskyn (1999). David Bosch het vroeg in die sewentigs 'n interessante tipologie van die spektum Swart/Afrika teologieë gegee (1974).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

wees en vry voel in die Christelike geloofsgemeenskap. Beide in die verstaan van en die belewenis van die evangelie moet hulle taal en kultuur welkom wees. Daar kan nie twyfel wees dat hierdie teologie met 'n uiters belangrike projek besig is nie.

Die probleem was egter steeds dat hierdie twee beklemtonings – Swart Teologie as teologie van Brood en Afrika Teologie as teologie van Identiteit – by mekaar verby gepraat het. Meer nog, die een het steeds die ander van verkeerde keuses beskuldig. Swart Teologie het Afrika Teologie beskuldig dat hulle besig is met 'n Afrika wat verby is. Aan die ander kant is Swart Teologie beskuldig dat hulle deur 'n tydelike krisis verlei word om ontrou te wees aan die werklike teologiese probleem van Afrika.

Die vraag moet gevra word of die AOKs nie weereens die brug vorm tussen die twee eensydige beklemtonings nie. Reeds feitlik dertig jaar gelede het Bosch op hierdie moontlikheid gewys, maar toe was die situasie nog te vloeibaar. Nou kan dit egter met groter stelligheid gesuggereer word. Soos reeds hierbo verskeie kere aangedui is, het hierdie kerke inderdaad die swartmense gehelp om 'n tuiste te vind waar hulle hulleself kon wees. Die kerklike praktyk en benadering vertoon die stempel van Afrika. Aan die ander kant is dit algemene kennis dat hulle hele benadering en praktyk daartoe lei dat mense regtig eksistensieel gehelp word. Nie alleen word besondere aandag gegee aan die genesing van allerlei fisiese en emosionele toestande nie, maar daar word ook toegesien dat mense aangemoedig word om hulleself te help. Hulle verskaf inderdaad brood aan mense, maar dan ook aan heel mense.

## 3. OOR DIE BRUG?

Tot watter gevolgtrekking kan ons kom hier by die brug? Saam met die ouer Sundkler lyk dit vir my duidelik dat daar nie bloot volstaan kan word met 'n algemene negatiewe beoordeling van die beweging nie[22]. Aan die ander kant glo ek nie dat daar eenvoudig meegedoen moet word aan die hedendaagse neiging om hierdie kerke as die aller-

[22] Dit sluit natuurlik nie uit dat daar in spesifieke gevalle genoegsaam rede sou bestaan om wel tot negatiewe gevolgtrekkings te kom nie. In hierdie soort beoordelings sou egter net steeds die stelreël wou neerlê: moenie aan ander doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie. Lê dieselfde maatstawwe aan vir jouself.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

antwoord vir die kerk in Afrika te beskou nie. Dit lyk my asof daar oor die brug beweeg moet word na sinvolle verhoudings en 'n meer katolieke teologie[23].

Die eerste voorwaarde hiervoor is seker die bereidheid van die gevestigde kerke om in die spieël te kyk. In watter mate bied die AOKs inderdaad 'n legitieme korreksie op die leemtes in die "sendingkerke"? Eers dan is dit die geleentheid vir die tradisionele kerke om hulle gawes beskikbaar te stel aan die ander. Hulp moet uiteraard slegs op hulle terme gebied word. Daar moet nie verwag word dat die AOKs hulp gaan aanvaar wat hulle (by wyse van spreke) van die wal in die sloot gaan help nie. Hulle krag lê juis in hulle andersheid. Dit sou kortsigtig van hulle wees as hulle hulleself laat verlei tot meer Westerse vorme en denkwyses[24].

## Literatuurverwysings

Anderson, A H 1992. *Bazalwane: African Pentecostals in South Africa*. Pretoria: Unisa.

Anderson, A H 1993. *Tumelo: The faith of African Pentecostals in South Africa*. Pretoria: Unisa.

Anderson, A H 1998. African initiated church hermeneutics, in Maimela en König 1998:399-416.

Balcombe, A O 1998. From liberation to democracy: Theologies of bread and being in the New South Africa. *Journal of African Christian Thought* 1(1), 36-42.

Bosch, D J 1974. Currents and crosscurrents in South African Black Theology. *Journal of Religion in Africa* 6(1), 1-22.

Bosch, D J 1991. *Transforming mission*. Maryknoll: Orbis Books.

Crafford, D 1993. Christianity in Africa: The gospel and its acceptance in Africa. Ongepubliseerde manuskrip.

Daneel, M L 1983. Black "Messianism": Corruption or contextualisation? *Theologia Viatorum* 11(1), 1-27.

---

[23] Die gevaar van kontekstuele teologieë is altyd wanneer hulle die verband verbreek met die res van die teologie. Die "katolieke" teologie kom tot sy reg binne so 'n dinamiese gesprek tussen die kontekstuele teologieë.

[24] Ek sê dit omdat ons in die tradisionele kerklike gemeenskap geneig is om te dink dat die een bydrae wat ons wel aan die AOKs kan lewer ons hoogstaande teologiese vorming is. Indien die AOKs behoefte het aan teologiese opleiding, is dit nie noodwendig aan die tradisionele akademiese teologie nie, maar wel 'n relevante opleiding.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Daneel, M L 1983. Communication and liberation in African Independent Churches. *Missionalia* 11(2), 57-93.

Du Plessis, J 1911. *A history of Christian missions in South Africa*. London: Longmans, Green & Co.

Froise, M (ed) 2000. *South African Christian Handbook 1999/2000*. Welkom: Christian Info.

Hayes, S 1998. African Initiated Church Theology, in Maimela & König 1998:159-177.

Kalu, Ogbu U 1998. The third response: Pentecostalism and the reconstruction of Christian experience in Africa, 1970-1995. *Journal of African Christian Thought* 1(2), 3-16.

Kiernan, J P 1999. Modernity and the African Independent Churches in South Africa. *Journal of African Christian Thought* 2(1), 19-23.

Kritzinger, J J 1999. Name, name, name. *In die Skriflig* 32(3), 367-379.

Ledwaba, M S J 2000. The Exodus from the mainline Churches to the African Independent Churches. MA(Teol)-dissertation, University of Pretoria.

Maimela, S & König, A (eds) 1998. *Initiation into Theology: The rich variety of Theology and Hermeneutics*. Pretoria: Van Schaik.

Prawlik, J J SVD 1999. Missionarische Verkündigung und afrikanische Religiosität. *Verbum SVD*, 155-167.

Pretorius, H L 1993. *Ethiopia stretches out her hands to God: Aspects of Transkeian Indigenous Churches*. Pretoria: IMER.

Setiloane, G 1986. *African Theology: An introduction*. Johannesburg: Skotaville.

Sundkler, B 1961. *Bantu Prophets in South Africa*. Second edition. London: Oxford University Press.

Sundkler, B 1976. *Zulu Zion and Some Swazi Zionists*. London: OUP.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services